ONDERWYS

Kyk: Kinders leer meer – sónder huiswerk

Wát? Geen huiswerk? Dis seker ´n grap!

Dit was die reaksie van Nikysha Pieters, ´n gr. 7-leerling aan die Laerskool Eduplex in Pretoria, toe haar skoolhoof, Jannie de Goede, besluit het dat huiswerk vir alle laerskoolleerlinge van die begin van die jaar af taboe is.

Dié skool het sedert die begin van die jaar met ´n nuwe onderrigmodel begin. Dit sluit in dat leerlinge glad nie huiswerk kry nie.

Die skool begin om 07:30 en die skool sluit om 13:20. Die dag bestaan uit vier periodes van 50 minute elk en ná elke periode is daar ´n pouse van 15 minute elk.

Huiswerk is eintlik iets wat in ´n klas deur ´n onderwyser gekontroleer moet word, sê De Goede. "Die kind leer en moet dan getoets word. Waar anders as in die klaskamer? Onderwysers kan dadelik agterkom hoeveel kinders nie die konsep verstaan nie en waar daar verdere onderrig nodig is.

"Dít is die hoofrede waarom ons meen huiswerk en inoefening moet in klas plaasvind onder toesig van die onderwyser."

Leer gaan nie noodwendig daaroor om feite te onthou nie, maar oor die oplossing van probleme, om krities te dink en dit dan toe te pas met die kennis wat jy het, sê hy.

"Ouers het nou onderwysers geword want húlle moet hul kinders by die huis leer. Dit terwyl die onderwysers die werklike onderwysers moet wees. Die ouer, met respek, is nie. Die kind kry niks uit die proses nie."